Personeelkamer Opening

53. Die Tas

ñ Man sterf en toe hy dit besef, sien hy God naderkom met ñ tas in Sy hand. God sê: Seun, dit is tyd om te gaan. Verbaas reageer die man: Nou? So gou? Ek het baie planne gehad... Ek is jammer, maar dit is tyd om te gaan.

Wat het U in die tas? het die man gevra. God het geantwoord: Jou besittings. My besittings? Bedoel U my goed, my klere, my geld?

God het geantwoord: Daardie dinge het nie aan jou behoort nie. Dit was Aardsgebonde.

Is dit my herinneringe? het die man gevra. God het geantwoord: dit het nooit aan jou behoort nie. Dit was Tydsggebonde.

Is dit my talente? God het geantwoord: dit het nooit aan jou behoort nie. Dit was Bykomstigheidsgebonde.

Is dit my familie of vriende? God het geantwoord: Ek is jammer, hulle was nooit joune nie, hulle was Omstandigheidsgebonde.

Is dit my vrou of my seun of my dogter? God het geantwoord: Hulle was nooit joune nie. Hulle was Hartsgebonde.

Is dit my liggaam? God het geantwoord: Dit was nooit joune nie. Dit was Aardsgebonde.

Is dit my siel? God het geantwoord: Nee, dit behoort aan My.

Gevul met vrees, het die man die tas van God geneem en dit oopgemaak net om te vind dat die tas leeg was.

Met ñ traan wat oor sy wang loop, het die man gevra: het ek nooit iets gehad het nie?
God het geantwoord: Dit is korrek, elke oomblik wat jy geleef het was joune.

Toepassing:

Die lewe is net ñ oomblik, ñ oomblik wat aan jou behoort. Daarom, lewe die lewe terwyl jy dit het. Moenie dat enigiets wat jy dink aan jou behoort jou verhoed om te lewe nie. Lewe Nou. Lewe voluit elke oomblik.

Moenie vergeet om gelukkig te wees nie, dit is die enigste ding wat saak maak. Materieële dinge en alle ander dinge wat jy geswoeg en baklei het voor, bly agter. JY KAN NIKS SAAMVAT NIE